

## SAAL WAS VOL

LOXTON se saal was volgepak soos ouers en lede van die gemeenskap kom luister het na die LUR van Onderwys in die Noord-Kaap Maandag 19 Februarie 2018. Ontevredenheid heers oor die toestand van die JJ Booysen Laerskool se geriewe.

### 25 Jaar gelede

DIE NOORDWESTER: 30 Julie 1993. Die bekendstelling van die resepteboekie *Ba[illegible] Broodjie* uitgegee deu[illegible] die Downes-wyk van die Moedergemeente, onder leiding van mev. Ilse Steenkamp, het Saterdag plaasgevind. Geld ingevorder met die verkoop van die boekie is ter stywing van die gemeentefonds.

SKIELIK HET DIE WIND GEDRAAI

# Ná jare se knelling kom 'n vars briesie

**Ellen Riley van Carnarvon, skryf:** Skielik het die wind gedraai. Die skugter briesie wat deur die nuut verkose President van die Republiek van Suid-Afrika aangeblaas word is, 'n welkome versugting. Dis asof die land weer asemhaal na jare van knelling.

Plaaslike munisipale rade is 'n bron van kommer en al 284 in finansiële moeilikheid deur kaping van een of ander aard. Of sommer net deur die gebrek aan kundige bestuur.

Angstig wag die mense op die grond dat daar ook na die munisipaliteite gekyk sal word na jarelange selfverrykking en blatante verneukery. Die belastinggeld wat vermors is op buig van wette en raadslede wat hulleself as onaantasbaars gesien het.

Aanstellings by die plaaslike owerhede deur onbekwame leiers, met die verskoning hulle verdeel rykdom, wat munisipaliteite gestroop het, ongekende hoë raadstoelae aan burgemeesters wat betaal word om plaaslike owerhede met onvatsoenlike onbevoegdheid te kleur.

Onnodige aanstellings van sekuriteitsbeamptes vir spoorwegstasies wat geen trein in die afgelope 20 jaar nog aangedoen het nie, parke wat verlate is en geen gevaar inhou behalwe 'n paar dronkies met elke pensioendag miskien.

Raadslede wat met reiseise hul toelae aanvul. Om nie te praat van die vele opleidingsessies waarvoor geëis word maar nie bygewoon word nie.

Gunstige besluite met die oog op "kick back" moet ondersoek word. 'n Raadslid bly verantwoordelik vir die besluite wat hy neem al is hy nie meer in 'n raad nie.

Selfs die Openbare Beskermer wat plaaslike klagtes lank gelede ontvang het, het onwaak en van hulle laat hoor. Hopelik sorg die nuwe bewind dat die Onafhanklike Verkiesingskommissie ook sy onbetroubare vere regskut. Of 'n eerlike en korrupsievrye omgewing op die grond en na topstrukture moontlik is, is nog te besiene.

Die hoop beskaam nie.

JONKERS STEEDS VLIEG IN SALF

# Nuwe LUR sal nie verskil maak

**KIMBERLEY – In 'n verklaring deur dr. Isak Fritz, DA woordvoerder vir Gesondheid in die Noord-Kaap, beskou sy party die verwydering van Lebogang Motlhaping as LUR van Gesondheid en die aanstelling van Fufe Makatong in sy plek as 'n kunsmatige poging om dit te laat lyk of die Premier die probleme in die Gesondheids Departement wil aanspreek.**

In werklikheid, glo hulle, sal die verskuiwing van politici aan die hoof van die Departement meer kwaad as goed doen.

Toe dit voorheen net begin lyk het of die vorige LUR, Mac Jack, die korrupsie in die departement wou begin blootlê, is hy verwyder en deur Motlhaping vervang. Nou net toe Motlhaping hom vergewis het van die uitdagings in die departement word hy verskuif na 'n ander departement.

Intussen bly die hoof van die Departement van Gesondheid, Steven Jonkers, wat die eintlike probleem is, onaantasbaar.

Hy is oorspronklik deur die Premier aangestel as administrateur. Dit het nie sin gemaak nie, aangesien hy 'n swak rekord in goeie finansiële bestuur het, wat noodsaaklik is vir 'n administrateur.

Daarna verskuif sy hom na Hoof van die Departement. Dit het ook nie sin gemaak nie omdat hy as Hoof van die Departement van Vervoer, Veiligheid en Samewerking voortgegaan het met die verhuur van die Ocean Echo gebou, ten spyte van Pravin Gordhan, vorige Minister van Finansies se verbod daarteen.

Dit was ook Jonkers wat verantwoordelik was vir miljoene rande se ongemagtigde uitgawes met sy pogings om 'n intra provinsiale lugdiens in te stel. Ook die multi-miljoen ooreenkoms met Wilcovert, toe geld bedoel vir padveiligheid op meubels en donkiekarre bestee is, kan aan hom toegeskryf word.

Die jongste skuiwe in die kabinet, versterk die gevoel dat die Premier deur Jonkers gyselaar gehou word.

So lank as hy Hoof van die Departement Gesondheid bly sal alles net agteruit gaan en sal geld wegvloei van die kernbesigheid van gesondheid na vreemde kontrakte.

Die DA daag die Premier uit om van Jonkers ontslae te raak, sê dr. Fritz.

### 25 Jaar gelede

DIE NOORDWESTER: 15 Januarie 1993. Elias Olivier, jakkalsjagter van Carnarvon het 'n klein jakkalsie gevang om mak te maak en gebruik nou die urine van die jakkalsie by die slagysters dan kom die ander na die lokaas.

## SKOLE RUGBY

CALVINIA – Tydens 'n laerskole rugby streeks vergadering is die laerskole vereniging weer gestig. Die vereniging was die afgelope jare onaktief, hoewel kinders steeds rugby gespeel het, is hul ontneem van sekere geleenthede soos bv om proewe te gaan speel om in aanmerking te kom vir die Cravenweek span.

Na afloop van die vergadering is 'n komitee gekies wat die vereniging bymekaar sal hou en sorg dat laerskole rugby aktief bly en dat kinders kan rugby speel. Die bestuur is Mnr JS Olyn ondervoorsitter, Mnr N Boltman voorsitter en Mnr J Sass wat as sekretaris van die vereniging gekies is.

Die Hoërskole se vereniging se bestuur is voorsitter: Mnr LR De Wet, Mnr W Fortuin ondervoorsitter en Mnr J Julies sekretaris.

## MARYDALE KETEL

DS. NADIA MULLER van die NG Gemeente Prieska oorhandig 'n elektriese ketel aan suster E. Mouton van Marydale.




## VICTORIA-WES GEKOMBINEERDE SKOOL DEPARTEMENTELE POS

Ons benodig die dienste van 'n bekwame en gekwalifiseerde Onderwyser(es).

Die besonderhede van die betrekking is as volg:

- **Graad 10 – 12** Fisiese Wetenskap, Wiskunde en Wisk Geletterdheid – alle leerareas d.m.v. dubbel medium onderrig. (Afrikaans / Engels)
- Meld buitemuurse bedrywighede.
- Indiensstredingsdatum: 10 April 2018
- Sluitingsdatum: Vrydag, 16 Maart 2018 om 12:00
- Adres: Posbus 102, VICTORIA-WES 7070 of
- Epos aansoek, verkorte CV en referente aan: vicwesakademie@gmail.com

Vir enige navrae: kontak Skoolhoof by 053 6210 142



## NOTICE OF APPLICATION FOR A PROSPECTING RIGHT

Tsebepix (Pty) Ltd has applied for a Prospecting Right to prospect for Copper, Zinc, Lead, Gold, Silver, Diamond General, Sulphur, Pyrite, Molybdenum, Iron, Niobium, Phosphate, Salt, Rare Earths, Zirconium, Nickel Ore and Platinum Group Metals over a portion of Portion 16 of the Farm T'Keikams Poort 71, situated in the Prieska District, Northern Cape Province.

The prospecting right application has been compiled and submitted in terms of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002 (No. 28 of 2002) as amended by Act 49 of 2008 and in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (No. 107 of 1998) as amended. The application has been accepted by the Department of Mineral Resources under DMR reference number: (NC) 30/5/1/1/2/12109 PR.

Consultation will be conducted in terms of Sections 42 to 47 of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998), Environmental Impact Assessment Regulations, 2014 and in terms of Section 16(4) and Regulation 3 of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002 (Act 28 of 2002).

The Basic Assessment Report and Environmental Management Programme Report is available to all registered interested and/or affected parties, upon written request thereof, for perusal and comment.

Any interested and/or affected parties are hereby invited to register as such and any objections or inputs should be lodged, in writing, at the consultant mentioned below, within 30 days of date of this advertisement, for attention to:

M and S Consulting (Pty) Ltd
P.O. Box 2473 Kimberley 8300
Tel: 053 861 1765 Fax: 086 636 0731
E-mail: ms.consulting@vodamail.co.za
Att: Ms. Tanja Jooste



KENNISGEWING

## HOËRSKOOL PRIESKA SBL VERKIESING

DIE SBL VERKIESING SAL PLAAS VIND OP

**MAANDAG, 5 MAART 2018 OM 18:00 BY HSP SKOOLSAAL**

Nominasies word nie voor die verkiesing ingedien nie, slegs op die aand van die verkiesing.

ALLE OUERS van HSP MOET ASSEBLIEF hulle inligting by die skool kom verifieer; indien die inligting, soos op ons stelsel, nie 100% korrek is nie, mag u as ouer nie stem nie.

Om die verkiesing wettig te hou, moet daar 'n kworum van 15% wees. Die ouers wat kom stem moet ook hulle ID's toon om te kan stem.

Ondersteun asb die verkiesing. Vir ons kinders; vir ons skool; vir ons gemeenskap!!!



## KAREEBERG MUNICIPALITY

PUBLIC NOTICE

### CALLING FOR INSPECTION OF THE GENERAL VALUATION ROLL AND LODGING OF OBJECTIONS

Notice is hereby given in terms of section 49(1)(a)(i) read together with section 78(2) of the Local Government: Municipal Property Rates Act, 2004 (Act 6 of 2004) and herein after referred to as the "Act", that the General Valuation Roll for the financial years1 July 2018 to 30 June 2023 is open for public inspection at all the offices of the Kareeberg Local Municipality from 16 February 2018 to 30 March 2018. The valuation Roll would be available on the website from 16 February 2018 to 30 June 2023. (www.kareeberg.co.za/waardasies2018.htm)

An invitation is hereby made in terms of section 49(1)(a)(ii) of the Act that any owner of property or other person who so desires should lodge an objection with the Municipal Manager in the prescribed manner in respect of any matter reflected in, or omitted from, the General Valuation Roll within the abovementioned period.

Attention is specifically drawn to the fact that in terms of section 50(2) of the Act, an objection must be in relation to a specific individual property and not against the valuation roll as such.

Forms for the lodging of an objection are available at the following address; Municipal Manager, 10 Hanau Street, Carnarvon and also available at all satellite offices. The completed prescribed objection forms must be returned before **12:00** on **30 March 2018** to the same address as above.

For any enquiries please contact Mr. A van Schalkwyk at 053 382 3012 or HCB Property Valuations at 0861 422 669.

**MR M F MANUEL**
*Municipal Manager*
16 February 2018

Kareeberg Municipality
10 Hanau Street
CARNARVON 8925